**DEPARTMENT OF ECONOMIC DEVELOPMENT**

**NOTICE 556 OF 2019**

# REGULASIES: HOOFUITVOERENDEBEAMPTE

## Definisies

**1.** In hierdie Regulasies, tensy die konteks anders aandui, beteken -

**"Raad"** die Provinsiale Drankraad ingestel by artikel 6 van die Wet;

**"Hoofuitvoerendebeampte"** die Hoofuitvoerendebeampte van die Raad aangestel by artikel 12 van die Wet;

**"Verantwoordelike Lid"** die Lid van die Uitvoerende Raad van die Noord-Kaap Provinsie verantwoordelik vir drankaangeleenthede; en

**"die Wet"** die Noord-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No. 2 van 2008)

## Vasstelling van vereistes vir aanstelling

**2.** (1) Die Verantwoordelike Lid bepaal, formuleer en fundeer die samestellende vereistes vir die aanstelling van die Hoofuitvoerendebeampte met inagneming van die hoofoogmerke, kernfunksies en inherente vereistes van die amp.

(2) Die Verantwoordelike Lid moet –

(a) toesien dat die vereistes vir die aanstelling van die Hoofuitvoerendebeampte nie onbillik diskrimineer teen enige persoon nie; en

(b) voldoen aan alle statutêre vereistes vir die aanstelling van die Hoofuitvoerendebeampte.

## Advertensieprosedure

**3.** (1) Die Verantwoordelike Lid moet toesien dat die vakante pos van Hoofuitvoerendebeampte so doeltreffend en prakties as moontlik adverteer word binne die groepering van moontlike aansoekers, insluitende aangewese groepe.

(2) Die advertensie moet tenminste die ampstitel, salarisskaal, kernfunksies, werksplek, inherente vereistes vir die amp, asook enige ander vereistes wat in hierdie Regulasies vervat is, spesifiseer.

(3) Die Verantwoordelike Lid moet die vakante pos adverteer in –

(a) die staatsdiens se omsendskrywe vir vakante poste soos uitgereik deur die DPSA (*Department of Public Service and Administration*) op die digitale webwerf;

(b) twee plaaslike koerante;

(c) een nasionale koerant, en

(d) deur die publiek uit te nooi om binne 21 dae nominasies en aansoeke om die amp van Hoofuitvoerendebeampte te beklee, aan die Verantwoordelike Lid te verskaf.

(4)`n Advertensie vir die amp van Hoofuitvoerendebeampte moet nie onbillik diskrimineer teen of belet dat enige toepaslik gekwalifiseerde persoon aansoek mag doen nie.

(5) Die pos van Hoofuitvoerendebeampte moet binne ses maande nadat die amp vakant geraak het, adverteer word, en moet binne twaalf maande gevul word nadat die pos vakant geraak het.

## Keuringsprosedure

**4.** (1) Die Verantwoordelike Lid moet `n keuringskomitee aanwys vir die maak van `n aanbeveling rakende die vul van die amp van Hoofuitvoerendebeampte met `n geskikte en bevoegde persoon. Die keuringskomitee moet bestaan uit minstens drie persone op `n rang gelyk of of hoër as die amp van Hoofuitvoerendebeampte.

(2) Die keuringskomitee moet, waar moontlik, voldoende verteenwoordiging van persone uit die aangewese groepe bevat.

(3) Enige toepaslik gekwalifiseerde persoon of werknemer mag sekretariële- of adviesdienste tydens die keuringsproses lewer.

(4) Die keuringskomitee maak `n aanbeveling aangaande die geskiktheid van `n kandidaat slegs na oorweging van –

(a) inligting wat berus op en verkry is, vry van vooroordeel en diskriminasie, deur geldige metodes, kriteria of keuringstegnieke;

(b) inherente vereistes vir die amp;

(c) die entiteit se gelyke indiensnemingsbeleid; en

(d) met betrekking tot aansoekers vir die amp –

(i) hul begripsvlak van die entiteit se mandaat;

(ii) die vermoë ten aansien van probleem-identifikasie en innoverende oplossings daarvoor; en

(iii) die vermoë om in `n span saam te werk.

(5) Die keuringskomitee moet, met verwysing na die kriteria in sub-regulasie (4) hierbo, notule hou van die redes vir die aanbevelings.

(6) Indien die keuringskomitee geen geskikte persoon uit diegene wat die keuringsproses soos bedoel in sub-regulasie (4) hierbo, deurloop het, kan aanbeveel nie, mag die Verantwoordelike Lid na voltooiing van die keuringsproses, magtiging verleen vir spesifieke kundigheidswerwing van een of meer persone met die toepaslike vereiste bevoegdhede, met dien verstande dat sulke persone ook onderwerp word aan dieselfde keuringsproses as vorige aansoekers.

(7) Die Verantwoordelike Lid moet, ingeval van weiering om `n aanbeveling van die keuringskomitee te aanvaar, skriftelike redes laat notuleer vir die weiering.

(8) Alvorens die Verantwoordelike Lid die aanstelling van die Hoofuitvoerendebeampte goedkeur, moet die Verantwoordelike Lid –

(a) hom of haarself oortuig dat die kandidaat in alle opsigte kwalifiseer vir die amp en dat alle stawende aansprake van die kandidaat geverifieer is, en

(b) die verifikasie skriftelik laat notuleer.

## Bedanking deur Hoofuitvoerendebeampte

**5.** (1) Die Hoofuitvoerendebeampte mag by wyse van drie maande vooraf skriftelike kennisgewing teenoor die Verantwoordelike Lid sy of haar bedanking uit die amp doen.

(2) Die Verantwoordelike Lid moet ook in die prestasie-ooreenkoms die wyse van bedanking bepaal.

(3) Die Verantwoordelike Lid moet, by ontvangs van die bedankingskennisgewing, `n onderhoud met die Hoofuitvoerendebeampte hou en die redes vir die bedanking laat notuleer.

(4) Die Hoofuitvoerendebeampte mag slegs sy of haar bedanking terugtrek met skriftelike goedkeuring van die Verantwoordelike Lid, welke goedkeuring voor of op die laaste werksdag verleen moet word.

(5) Die Verantwoordelike Lid mag by ontvangs van die kennisgewing bedoel in sub-regulasie (1), vereis dat die Hoofuitvoerendebeampte alle amptelike dokumente en toerusting teruggee, sy of haar kantoor ontruim en die entiteit se perseel verlaat voor verstryking van die kennisgewingperiode op `n datum soos deur die Verantwoordelike Lid bepaal en geen verdere pligte in die kennisgewingtydperk verrig nie.

## Stelsels vir prestasiebestuur en -ontwikkeling

**6.** (1) Die Raad moet `n stelsel vir prestasiebestuur goedkeur en toepas.

(2) Die stelsel soos bedoel in sub-regulasie (1) moet voorsiening maak vir –

(a) die omvang van prestasiemeting;

(b) `n persentasie toekenning vir sleutelareas en vereiste bevoegdhede;

(c) kwartaallikse skriftelike monitering van die Hoofuitvoerendebeampte se prestasies ten aansien van bevredigend of onbevredigend, en

(d) `n skriftelike middeltermyn prestasie-evaluering van die Hoofuitvoerendebeampte en `n jaartermyn skriftelike prestasie-evaluering. Die jaarlikse prestasie-evaluering van die Hoofuitvoerendebeampte sal oor die volle jaarperiode strek.

## Diensooreenkoms, prestasie-ooreenkoms en assesserings

**7.** (1) Die aanstelling van die Hoofuitvoerendebeampte deur die Verantwoordelike Lid soos bedoel by artikel (12)(1) van die Wet, is effektief vanaf die datum van skriftelike kontraksluiting van die diensooreenkoms met die Raad en duur vir die volle termyn van sy of haar ampstydperk.

(2) Die dienskontrak soos bedoel in sub-regulasie (1) moet, tenminste, die volgende inligting bevat: persoonlike besonderhede van die Hoofuitvoerendebeampte, dienstermyn, diensvoorwaardes, magte, funksies, verantwoordelikhede, pligte, vergoeding, toelaes en voordele.

(3) Die Hoofuitvoerendebeampte moet benewens sy of haar dienskontrak ook `n prestasie-ooreenkoms of soortgelyke ooreenkoms met die Raad aangaan binne drie kalendermaande van aanstellingsdatum en daarna binne twee maande vanaf die aanvang van `n nuwe finansiële jaar. Hierdie ooreenkoms is hersienbaar van tyd tot tyd.

(4) Die prestasie-ooreenkoms of soortgelyke ooreenkoms moet ten minste die volgende bepalings bevat: -

(a) `n personeelnommer, ampstitel, posgradering, en duidelike beskrywing van die hoofdoelwitte van die Hoofuitvoerendebeampte se

dienste en die relevante uitsette of kernaspekte van verantwoordelikhede en vereiste bevoegdhede.

(b) `n werksplan, bevattende die uitsette, aktiwiteite en hulpbron vereistes; en

(c) `n persoonlike ontwikkelingsplan wat die behoeftes en bevoegdhede van die Hoofuitvoerendebeampte identifiseer asook hoe om die behoeftes aan te spreek.

## Hoofuitvoerendebeampte

**8.** (1) Die Hoofuitvoerendebeampte aangestel by artikel (12)(1) van die Wet, is `n persoon wie beskik oor toepaslike kwalifikasies, kennis of ervaring betreffende die aangeleenthede en bedryf van die Raad en moet beskik oor `n graad kwalifikasie, verwerf by `n ge-akkrediteerde instansie vir tersiêre opleiding.

(2) Die Hoofuitvoerendebeampte, onder beheer van die Raad, is ook die administratiewe en rekeningkundige hoof van die Raad.

(3) Die Hoofuitvoerendebeampte word ooreenkomstig die termyn, bepalings en voorwaardes in diskresie van die Verantwoordelike Lid aangestel met dien verstande dat –

(a) die termyn vir nie langer dan vyf (5) jaar is nie;

(b) by verstryking van daardie termyn, die Hoofuitvoerendebeampte heraangestel mag word vir `n verdere termyn van slegs vyf (5) jaar; en

(c) die Hoofuitvoerendebeampte nie binne sy termyn enige ander vergoedende dienste mag verrig nie, tensy hy of sy vooraf geskrewe toestemming van die Verantwoordelike Lid verkry het.

(4) Indien die amp van Hoofuitvoerendebeampte vakant sou raak, of die Hoofuitvoerendebeampte afwesig of onbevoeg raak, of weier of nalaat om op te tree, mag die magte en bevoegdhede van die Hoofuitvoerendebeampte opgedra word aan `n Waarnemende Hoofuitvoerendebeampte aangewys deur die Verantwoordelike Lid vir `n periode van nie langer as ses (6) maande nie.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(5) Die Waarnemende Hoofuitvoerendebeampte beskik oor dieselfde magte en bevoegdhede as Hoofuitvoerendebeampte om die amp uit te oefen.

(6) Al die bepalings in hierdie Regulasies is *mutatis mutandis* van toepassing op die Waarnemende Hoofuitvoerendebeampte.

## Verwydering van Hoofuitvoerendebeampte uit amp

**9.** (1) Die Verantwoordelike Lid mag die Hoofuitvoerendebeampte uit sy amp verwyder –

(a) omrede sy of haar onbehoorlike of wangedrag;

(b) omrede onbekaamheid om sy of haar pligte uit te voer;

(c) op grond van permanente verstandelike of liggaamlike onvermoë wat hom of haar ongeskik maak om die amp te beklee en die pligte daarvan te verrig; en

(d) op grond van die diskwalifiserende voorskrifte by artikel (9) van die Wet.

(2) Die Verantwoordelike Lid mag`n ondersoek of tugverhoor gelas ten einde te bepaal of voldoende gronde, soos by sub-regulasie (1) beoog, bestaan om die Hoofuitvoerendebeampte uit sy of haar amp te verwyder.

(3) Indien `n ondersoek of tugverhoor soos by sub-regulasie twee (2) bedoel, deur die Verantwoordelike Lid gelas word, mag die Verantwoordelike Lid met inagneming van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) die Hoofuitvoerendebeampte skors uit sy amp of kantoor hangende die uitslag van sodanige ondersoek of verhoor.

(4) Vir doeleindes van sub-regulasie (1)(a) word onbehoorlike of wangedrag deur die Hoofuitvoerendebeampte geag te wees soos bedoel in die bepalings van die Wet of die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1999 (Wet No. 1 van 1999) en die nie-nakoming van die gemelde Wette.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za